

Vrydag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Job 8

Fokusgedeelte: Job 8:5-6

Die brutale Bildad

As daar van Jobsvriende gepraat word, dink jy eerste aan Bildad. Dis asof hy nie kan wag dat Job moet stilbly sodat hy hom reguit op sy plek kan sit nie. Vir Bildad is Job se probleem baie eenvoudig: Job se swaarkry is sy eie skuld. Bildad noem dis wat hy geleer het van die voorgeslagte (tradisie), vanuit die natuur en hoe hy dit sien uitspeel in die lewe.

Bidad verkondig 'n oorsaak-en-gevolg teologie: as jy regverdig lewe, dan gaan dit met jou goed; en as jy onreg doen, dan gaan dit met jou sleg. Sy raad aan Job is dat hy God om genade moet smee. As hy weer reg en vlekkeloos voor God leef, dan sal dit weer goed gaan (vs 5-7). Klink hierdie nie baie soos die voorspoedsteologie nie? Indien dit nie goed gaan in jou lewe nie, dan is dit omdat jy nie reg leef of reg glo nie. Hoe verskriklik moet dit wees as ons leer dat jy verantwoordelik is vir jou eie redding en voorspoed. Die redding kom nie van ons self nie, maar net deur die genadegawe van God wat die ewige lewe in Christus Jesus vir ons gee (Rom. 6:23).

Daar is baie waarheid in die woorde van Bildad – daar is geen hoop as jy nie naby God leef nie (vs 13). Maar ons geloof is nie omdat ons iets daaruit kry nie. Omdat die Here vir ons die redding gee, moet ons naby Hom leef en sy wil soek. So lei die Heilige Gees ons om dit ook te doen. Swaarkry is nie noodwendig 'n teken dat ons nie naby God leef nie, swaarkry bring ons juis nader aan die Here!

Sing: Psalm 1-1:1, 2, 4

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)